# AGS

## MIEDERPARK
## POTCHEFSTROOM




# Wat sê die Woord van.....

Kindertoewyding
Doop
Nagmaal
Finansiële Bydraes

# Kindertoewyding

Ouers wy kinders aan die Here toe volgens **'n sekere woord beginsel en voorbeeld van Jesus , wat die Woord van die Here aan hulle voorhou.** Jesus is hulle Verlosser en voorbeeld; Broer en hulle volg die voorbeeld wat God die Vader hulle in Sy Woord gee. Hierdie voorbeeld word uit die lewe van Jesus geneem. Jesus is deur Sy aardse ouers (Josef en Maria) aan Sy Hemelse Vader toegewy toe Hy nog 'n baba was.
(God het die oorspronklike bloudruk-ontwerp van die
mens in Christus bewaar, ten spyte van die val van die mens. Jesus is nie net ons **Verlosser Broer** nie, maar ook ons **voorbeeld Broer).**

## Die Beginsel uiteengesit

Die uiteensetting van hierdie beginsel vind ons in **Luk. 2:21 – 23**. *"En toe agt dae vervul was dat hulle die kindjie sou besny, het hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor Sy ontvangenis in die moederskoot."*
**(besnydenis was die verbondsteken tussen God en Abraham en sy nageslag Gen. 17:10–13 en alhoewel dit as 'n ewige verbond gegee is het die wettiese gedeelte daarvan verval omdat dit deel van die wet van Moses was en ons nou deel is van 'n Nuwe Testament wat wetlik op beter beloftes gegrond is. Heb. 8:6**
**Gal. 5:1 – 4. Besnydenis kan egter vir gesondheidsredes en vir morele redes gedoen word. Let wel net seuns is volgens die wet van Moses besny. Gen. 17:10**
**(Seuns is op die agste dag besny omdat die bloedstollingsfaktor dan op sy hoogste sou wees en name het gespreek van karakter, roeping en eindbestemming)**.
In die lig hiervan behoort ouers vir die Here te vra wat die name van hulle kinders moet wees; wat die Here aan hulle toevertrou het. Bybelse name was gekoppel aan karakter, roeping en bestemming.
Let wel: **Toewyding aan die Here en besnydenis van seuntjies was twee aparte begrippe**.

Luk. 2:22 *"En nadat die dae van haar reiniging volgens die wet van Moses vervul was*, **('n vrou se reinigingsperiode vir 'n seuntjie was 40 dae en vir 'n dogtertjie was dit 80 dae)** *het hulle Hom na Jerusalem gebring om Hom aan die Here voor te stel."*

# Toewyding van kinders

Om 'n kind aan die Here voor te stel of toe te wy is nie 'n Nuwe Testamentiese bevel nie. Dit is 'n geloofsbelofte beginsel waar ouers kom om sekere beloftes aan die Here maak t.o.v. hulle kinders.

Wat beteken dit om 'n kind aan die Here voor te stel of toe te wy?

• Voor te stel – Grieks – Paristemi. Hierdie begrip het verskeie betekenisse nl.:

1. Om op sy te sit vir die Here,
2. Om tot beskikking van die Here te stel,
3. Om langs die Here te plaas,
4. Om aan die Here toe te wy.

Ouers het hulle kinders in gehoorsaamheid aan die wet van Moses gebring om hulle aan die Here toe te wy. Hierdie stap van gehoorsaamheid was om aan God die Vader die volgende te sê:

• Hemelse Vader ons bring hierdie kind wat U aan ons as 'n geskenk toevertrou het en wil hierdie kosbare kind tot U beskikking stel. Here gebruik hierdie kind tot eer van U naam en tot uitbreiding van U Koninkryk.

• Ons kom as die ouers van hierdie kind om plegtig 'n belofte voor U en al hierdie getuies hier teenwoordig te maak.

Ons belowe die volgende:

1. Dat ons hierdie kind in U weë en in U insettinge sal groot maak.
2. Dat ons deur ons woorde en dade 'n voorbeeld vir hierdie kind sal wees.
3. Dat ons hierdie kind sal help om sy gawes en talente en onbeperkte potensiaal in U te ontdek en dan daarvolgens sal groot maak. (Prov. 22:6 Amplified Bible: *"Train up a child in the way he should go (and in keeping with his individual gift or bent) and when he is old he will not depart from it.)"*

"Bent" – spreek van: aanleg en voorliefde. Ek help my kind dus om sy aanleg of voorliefde te vind en dan maak ek die kind daarvolgens groot.

NB. Ek dwing nie my kind om te doen wat ek graag wou doen in die lewe nie. Die Here maak elke persoon uniek en besonders. As ek my kind dwing dan berei ek my kind voor vir 'n gees van rebellie. Rebellie is soos die sonde van heksery en eiegeregtigheid soos beelde diens. 1 Sam. 15:23. Nou leer ek om my kind te monitor en te stimuleer om sy/haar gawes te ontdek en te ontwikkel. Ps. 139:13 – 17 praat van die feit dat elke kind baie wonderbaar is, kunstig geweef in die moederskoot en dat God se gedagtes vir die kind geweldig en kosbaar is.

Ons gebed is dan as volg: Here ons vra dat u ons wysheid, insig en geduld sal gee om hierdie beloftes, met die inspraak en die krag van die Heilige Gees na te kom.

Vraag: Wat van die doop?

Die doop is deur die Here ingestel met die aanbreek van die Nuwe Testament. Die Here het Johannes die Doper gebruik om dit bekend te stel. Hand. 19:4 sê: *"Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moet glo in die Een wat na hom kom, dit is Jesus Christus."* Die doop is dus nie vir groot mense of vir kinders ingestel nie, maar wel vir die wat tot bekering kom. Markus 16:16 stel dit duidelik. *"Hy wat glo en hom laat doop"* dit sluit almal in wat glo. Nadat jy Jesus aangeneem het, moet jy jouself laat doop. Dit is ook die opdrag van Jesus aan Sy dissipels in Matt. 28:19 *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle..".* (doop die nuwe dissipels).

In kort sê hierdie gedeelte:
1. Jy hoor die Evangelie, die Goeie Nuus dat Jesus vir sondaars gesterf het en ons is almal sondaars volgens Rom. 3:23: *"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God".*
2. Jy neem Jesus aan. Hy (Jesus) word nou jou stand van geregtigheid. *2 Kor. 5:21: "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom."*
3. Deurdat jy Jesus aangeneem het is jy nou gered (waardeur julle gered word as julle daaraan vashou).
1 Kor. 15:1+2: *"Broeders, ek maak julle die evangelie bekend wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, waarin julle ook staan, waardeur julle ook gered word as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het, of julle moet tevergeefs geglo het".*

Vraag: Het die doop in die Nuwe Testament, die besnydenis as verbondsteken van die Ou Testament vervang?
Nee! Daar is geen skrif om so 'n stelling te rugsteun nie! Jesus was besny, toegewy en later in die Jordaanrivier gedoop. Jesus was deel van die Ou Testament maar deur die offer van Sy lewe, lei Hy ons in 'n Nuwe Testamentiese bedeling in.
Die Ou Testament
Gen. 17:10 – 12 *"Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word— julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle. 'n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte..."*
In die Nuwe Testament was daar sekere broeders wat die volgende gesê het:
Hand. 15:*1* *"As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle*

*nie gered word nie."* In **Hand. 15** het die vergadering van die Apostels saam met en onder leiding van die Heilige Gees die volgende besluit geneem.

**Hand. 15:28 + 29**: *"Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul* ***onthou van afgodsoffers*** *en van bloed en* ***van wat verwurg is en van hoerery…****"*

Besnydenis was beslis nie deel van die Nuwe Testament nie. Inteendeel Paulus is baie uitgesproke oor die besnydenis in Gal. 5:1-4: *"Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval."*

**Besnydenis – die Ou Testamentiese Verbondsteken**

Besnydenis was die Ou Testamentiese Verbondsteken en dit was 'n uiterlike teken wat moes verwys na die innerlike besnydenis van die hart.

**Jer. 4:4** *"Besny julle vir die Here en verwyder die onbesnedenheid van julle hart…"* In die Nuwe Testament vind dit 'n koppeling met die nagmaal as die verbondsteken.

## DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN GELOWIGES

1. Inleiding. Die Christelike Doop is 'n instelling van ons Here Jesus Christus. Dit is nie 'n blote kerklike gebruik of 'n menslike tradisie nie. Op die Olyfberg het Hy gestaan. Die werk wat Hy op aarde moes doen, is volbring. Die heil wat die Here deur sy soendood en opstanding bewerk het, moes nou aan die mensdom oorgedra word. Toe wend Hy hom tot sy dissipels en spreek hierdie besondere gewigtige en betekenisvolle woorde: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleindiging van die wêreld.

2. Die betekenis van die doop. Rom 6: 3,4,5: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding."

3. Letterlike betekenis van die word “doop”. Doop” is die vertaling van die Griekse woord “baptizo” wat letterlik beteken: indompel, insteek, of geheel-en-al insluit. Liddle en Scott: Greek-English Lexicon sê byvoorbeeld die volgende van baptizo: “to dip repeatedly, dip under” (herhaaldelik indompel, onderdompel) Trouens in alle Griekse woordeboeke wat ons kon naslaan, vind ons dat baptizo as indompel of die gelyke daarvan vertolk word en nooit as besprinkel nie. Om hierdie Griekse woord in suiwer Christelike betekenis van die Nuwe Testament te vertaal, is gebruik gemaak van die ou Germaanse woord “doop” wat van dieselfde stam as ons woord “ diep” kom, en wat eintlik beteken, in die diepte dompel, indompel. Verder sien ons dat die Griekse kerk self die doop as ‘n indompeling vertolk en so bedien. Verdere bewyse dat die woord doop indompeling of totale insluiting beteken, vind ons in die volgende Skrifgedeeltes:

* Mark 1: 9,10: En in daardie dae het Jesus gekom van Nasaret in Galilea en is deur Johannes in die Jordaan gedoop. (Hoekom in die Jordaan as slegs ‘n paar druppeltjies water nodig is?)

* Joh. 3:23: En Johannes was besig om te doop in Enon naby Salim, omdat daar baie water was. Dit bewys opnuut dat Johannes by wyse van indompeling moes gedoop het.

* Hand. 8: 38,39: En hy (Filippus) het beveel dat die wa moes stilhou; en hul het altwee afgeklim in die water, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. En toe het hulle uit die water opgeklim.

4. **Hoekom moet ons gedoop word?** Ons moet gedoop word omdat dit ‘n opdrag van God is:

* Matt 28:19: “Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies, en doop hulle…………………”

* Hand 2: 38-39: “ En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word…….”

* Luk 7: 30: “Die Fariseers en wetsgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie te laat doop nie”

**5.Wie mag gedoop word?**

* Mark. 16:16: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word…..”

* Matt. 28 19:  "………maak dissipels……………en doop hulle…………"

* Hand 2: 38-39:  " En Petrus sê: Bekeer julle , en laat elkeen van jul gedoop word………………"

* Hand. 18:8:  " ………toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop"

i.   Hulle wat hulle bekeer het.

ii.  Gehoorsaam aan God wil wees.

iii.. Die wat in die openbaar kan getuig dat jy Christus aangeneem het as jou persoonlike Saligmaker.

6.  Die wyse van doop.  Soos reeds aangetoon, is die wyse van die doop deur onderdompeling.  Dit is die enigste voorbeeld wat vir ons in die Bybel voorgehou word.  Enige ander vorm van doop doen die simboliek van hierdie gebeure oneer aan.  In die AGS word daar gedoop by wyse van drievoudige onderdompeling in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.  Matt 28:19.

"BEKEER JULLE EN LAAT JULLE DOOP…"  (HAND. 2:38)

Niks verhinder jou nou om gedoop te word nie!!!!!!!!!!

# Tiende en Offerande

Was dit nie deel van die Ou testamentiese wet nie? Waar en wanneer het dit begin? Is dit 'n Nuwe Testamentiese beginsel? .

## Die Tiendebeginsel in die Nuwe Testament

Net soos lof en aanbidding 'n Nuwe Testamentiese beginsel is, is tiende en offerande ook. Die feit dat hierdie gebruike nie juis in die NT beklemtoon word nie, is nie die bewys dat dit alleen tot die OT behoort nie. Die Kerk het nog nooit opgehou om God met instrumente en lied te loof nie en ook nooit opgehou om die Here se tiende te gee nie.

Jesus praat met die Fariseërs en alhoewel Hy hulle bestraf, sê Hy dat dit reg is dat hulle die Here se tiendes gee. Lukas 11:42 "Maar wee julle, Fariseërs, want julle gee TIENDES van die kruisement en die wynruit en elke groentesoort, en julle verwaarloos die reg en die liefde tot God. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat."

Hier is nog twee mooi voorbeelde -

Lukas 18:12 "Ek vas twee keer in die week, ek gee TIENDES van alles wat ek verkry."

Romeine 2:22 "Jy wat sê dat 'n mens nie owerspel mag pleeg nie, pleeg jy owerspel? Jy wat 'n afsku van die afgode het, pleeg jy TEMPELROOF?"

## Voor die Wet van Moses

Voordat God die wet aan Moses gegee het, was die gee van 'n tiende aan die Here reeds 'n deel van Abraham se lewe—hy het 'n tiende van sy buit aan die hoëpriester Melgisédek oorhandig, wat hom weer geseën het. Hebreërs 7:1-2 "Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste. Hy het vir Abraham tegemoetgegaan by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het; en hom geseën;" "aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede"

Later by die berg Sinai het die Here vir Moses opdrag gegee om dit deel van die Wet te maak. 'n Tiende van die land se opbrengs, beeste en kleinvee moes aan die priesters oorhandig word. (Lev 27:30-33)

Hebreërs 7:5 "Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;"
Volgens Lev 27 is dit ook baie duidelik dat die tiende aan die Here behoort. Die volk moes ook hul tiendes na die priester bring. Maleagi vermaan dat dit na die skatkis van die tempel gebring moes word sodat daar spys in die Huis van die Here kon wees. M.a.w, die plaaslike gemeente waar u met geestelike spys gevoed word. Sonder die tiende inkomste kan geen gemeente funksioneer en lidmate behoorlik bedien word nie. Dit is verkeerd om die Here se tiende sommer net aan enige iemand te gee. Om aan die arme te gee is reg en dit is saad in die grond, maar ons kan nie dit wat aan die Here behoort wegneem en aan iemand van ons keuse gee nie. Indien ons iemand anders wil help kan ons dit doen nadat ons Sy tiende gegee het.

## 'n Bewys van my Geloof in die Here

Dit is baie belangrik dat ek my geloof in die Here plaas, dat ek Hom vertrou om vir my gesin te voorsien, die werk van my hande te seën tesame met die oes van my lande of die wins uit my besigheid. Dit is ook vir die Here belangrik dat ek dit doen. (Heb 11:6).
Net om te sê dat jy geloof het beteken egter niks nie. Omdat enige iemand dit kan sê daag Jakobus ons uit met "wys my jou werke" want "geloof sonder die werke is dood" (Jakobus 2)
Enige iemand wat dus sê dat hy die Here vertrou om vir hom te voorsien en nie die Here se tiende gee nie, bluf homself. Dit wil sê: Indien ons dit nie regkry om Sy tiende te gee nie, kry ons dit nog nie reg om Hom waarlik te vertrou nie. So 'n persoon sê letterlik—"Ek kan nie van my geld weggee nie, want ek glo nie dat die Here dit weer sal aanvul of dat Hy sonder dit vir my sal kan sorg nie."
In Maleagi 3:8-12 bestraf die Here die volk vir hierdie mosie van wantroue in Hom, maar kom dan weer met 'n uitdaging dat hulle Hom moet vertrou. Hy belowe aan hulle hulp en voorsiening, ja, selfs beskerming teen die vyand (die duiwel) wat van hulle wil steel.

## God se belofte aan tiende Gewers

Maleagi 3:8-12 "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. (9) Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! (10) Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. (11) Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat

hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die HERE van die leërskare.  (12)  En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die HERE van die leërskare.
Saam met Maleagi word u uitgedaag om God te vertrou, meer as dit: word u aangemoedig om u geloof aan God te toon deur Sy tiende na die skatkis te bring en te sien hoe Hy Sy Woord waar maak in u lewe.

## Wat kan ek doen as ek nou regtig nie nou my volle Tiende kan betaal nie?

Praat met die Here daaroor en kom ooreen om te gee wat u nou kan gee. Gee met 'n blymoedige hart. Stelselmatig kan u meer gee, tot u die volle tiende kan gee. Maak net 'n begin!

## Offerhande (Dankoffers)

In 2 Kor 9:5-10 word ons duidelik vermaan om dankoffers te gee. In die bg. gedeelte vind ons 'n belofte dat ons volop sal hê en oorvloedig sal wees tot elke goeie werk.

By die gee van tiendes word die maat duidelik deur God voorgeskryf. By die gee van offergawes gee ons soos wat ons "in ons harte voorneem" (2 Kor 9:7) en "namate ons voorspoed" (1 Kor 16:2).

Dankoffers moet ook gereeld gegee word (1 Kor 16:1-2).

## Die Nagmaalsbeker – die Nuwe Testamentiese Verbondsteken

1 Kor. 11:25 sê: ***"hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed;** doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis."*
Vers 26: *"Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink* ***verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."***

Die Nagmaalsbeker spreek van onverdiende vergifnis – God het ons in Jesus Christus reeds vrygespreek deur Jesus vir ons sonde te maak 2 Kor. 5:21. Wanneer ons die Nagmaalsbeker van vergifnis drink moet ons ook mense onvoorwaardelik vry spreek, anders eet en drink ons 'n oordeel oor onsself 1 Kor. 11: 28 – 30. Die Nagmaalsbeker is 'n uiterlike teken, maar moet gebruik word nadat ons die wat ons te na gekom het, vrygespreek het. Dit moet 'n uiterlike teken wees van 'n rein hart wat diep insien in die volmaakte wet van die vryspraak. Jak. 1:25. Jy't volkome vrygespreek, want jy is volkome vrygespreek.

Hierdie drie sleutels is hier van krag:
1. Glo dat God jou in Jesus volkome vrygespreek het.
2. Vergewe jouself en ander.
3. Noem jouself wat God jou noem – "Die geregtigheid van God in Christus Jesus".

Die studie van Nagmaal is 'n diep geestelike ondervinding omrede die betekenis daarvan. Op die vooraand van Jesus se kruisiging tydens die Joodse Paasfees het Hy hierdie gemeenskaps-maal ingestel en is dit nogsteeds 'n algemene gebruik vir Christene. Die nagmaal vorm deel van Christelike aanbidding, dit laat ons Jesus se dood en opstanding onthou en herinner ons aan Sy glorieryke terugkeer in die toekoms.

Die Paasfees was die mees belangrikste heilige gedenkdiens van die Jode. Hierdie fees herdenk die finale plaag op Egipte toe al die eersgeborene kinders van die Egiptenare gedood was. Die Israelitiese kinders was gespaar deurdat 'n lam se bloed op hul deurkosyne besprinkel was. Die lammers was daarna gaar gemaak en met ongesuurde brood geëet. Dit was God se opdrag dat hierdie feesmaal deur al die toekomstige generasies gevier moet word. Hierdie geskiedenis word in Eksodus 12 gevind.

Tydens die laaste maal – 'n Paasfees viering – het Jesus brood geneem en dank aan God toegereken. Soos wat Hy die brood gebreek het en aan Sy dissipels uitgedeel

het, het Hy gesê, "Dit is My liggaam wat ter wille van julle gegee word. Gebruik dit ter herinnering aan My". Net so het Jesus na die maal die beker geneem en gesê, "Hierdie beker is die nuwe verbond, bevestig deur my bloed, wat terwille van julle uitgegiet word" (Lukas 22: 19-22). Die fees afgesluit deur die sing van 'n loflied (Matteus 26:30), en hulle het toe na die Olyfberg gegaan. Dit was die plek waar Judas vir Jesus veraai het. Die volgende dag is Jesus gekruisig.

Ons vind die rekenskap van Die Here se Nagmaal in al die Evangelies (Matteus 26:26-29; Markus 14:17-25; Lukas 22:7-22 en Johannes 13:21-30). Die apostel Paulus skryf ook oor die Nagmaal in 1 Korintiërs 11:23-29. Paulus maak egter 'n stelling wat nie in die Evangelies gevind word nie, "As enigiemand dan op 'n onwaardige manier van die brood eet of uit die beker drink, sal daardie persoon skuldig wees aan sonde teen die liggaam en bloed van die Here. Dit is waarom julle julself moet ondersoek voordat julle van die brood eet en uit die beker drink. Want as julle sommerso op 'n onbedagsame manier van die brood eet en uit die beker drink, eet en drink julle 'n oordeel oor julself omdat julle nie die nodige respek teenoor Christus se liggaam betoon nie" (1 Korintiërs 11:27-29). Daar mag miskien gevra word hoe is dit moontlik om deel te hê aan die brood en bloed op 'n "onwaardige manier". Dit kan wees omdat die werklikheid van hierdie mees belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis as iets gewoon afgemaak word. Dit kan ook as 'n "dooie" ritueel uitgebeeld word. Nagmaal deelname met sondes wat nog nie bely is nie, kan ook hier toe lei. Dit is belangrik om na Paulus te luister en selfondersoek te doen alvorens daar aan die Nagmaal deelgeneem word.

Nog 'n stelling wat Paulus maak wat nie in die Evangelies gevind word nie is, "Want elke keer as julle hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die Here se dood totdat Hy terugkom" (1 Korintiërs 11:26). Hierdie stelling plaas 'n beperking op die tyd van die seremonie – tot Jesus se terugkoms. Ons kan dus nou sien dat Jesus twee basiese elemente gebruik het as simbole vir Sy liggaam en Sy bloed, dit is die monument van Sy dood. Nie 'n monument van marmer en geelkoper nie, maar wel van brood en wyn.

Jesus verklaar dat die brood spreek hoe Sy liggaam gebreek sal word. Alhoewel daar nie 'n been gebreek was nie, was Sy liggaam so gemartel dat Hy skaars herkenbaar was (Psalm 22:12-17; Jesaja 53:4-7). Die wyn spreek van Sy bloed en is 'n verwysing na Jesus se verskriklike dood wat Hy binnekort sou ervaar. Hy, die perfekte Seun van God, het oneindige Ou Testamentiese voorspellings (profesieë) oor die Verlosser tot stand gebring (Genesis 3:15; Psalm 22; Jesaja 53). Toe Jesus gesê het, "Gebruik dit ter herinnering aan My", het Hy vir ons gesê dat dit 'n seremonie moet wees in die toekoms. Dit toon ook aan dat die Paasfees, wat die dood van 'n lam vereis, ook

vorentoe wys na die koms van die Lam van God. Hy het die sondes van die wereld wegvat, wat met die Nagmaal volbring is. Die Nuwe Verbod het die Ou Verbod vervang toe Christus, die Paaslam (1 Korintiers 5:7), opgeoffer was (Hebreërs 8:8-13). Die offer sisteem was toe nie meer nodig nie (Hebreërs 9:25-28). Met die Nagmaal herdenk on swat Jesus vir ons gedoen het aan die kruis. Dit is ook 'n teken van Sy volmaakte werk.

## Vraag: Wat gebeur as babas of jong kinders sterf?

Matt. 19:13 *"Toe bring hulle kindertjies na Hom, dat Hy hulle die hande sou oplê en bid; en die dissipels het hulle bestraf. Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie want aan sulkes behoort die Koninkryk van die hemele. En Hy het hulle die hande opgelê..."* Mark 10:16 voeg by: *"En Hy (Jesus) het Sy arms om hulle (die kindertjies) geslaan, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën."*
Aan die kindertjies behoort die Koninkryk van God. Wat babas en kindertjies betref **as hulle prematuur sou sterf dan behoort die Koninkryk van God aan hulle** – hulle word dus gered. Alhoewel elke mens Jesus moet aanneem as persoonlike Verlosser en Saligmaker **Joh. 1:12+13:** *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."*
**1 Joh. 5:12+13:** *"Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."*
Ons lees nie wanneer die kinder fase se afsnypunt is t.o.v. die Koninkryk van God nie, daardie afsnypunt sal deur God bepaal word.
**Vraag:** Verseël die baba doop (besprinkeling) of die baba toewyding dan nie my kind met die Heilige Gees van die belofte nie? (Dat ek sekerheid het dat my kind deel is van die verbond en daarom die ewige lewe uit genade sal beërwe). **Nee!**
Ef. 1:13– 4 sê: *" in wie julle ook, **nadat** julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, **gehoor** het, in wie julle **nadat julle geglo het** verseël is met die Heilige Gees vandie belofte."*
1. Jy hoor die evangelie (die Goeie nuus)
2. Jy glo die evangelie (jy neem Jesus aan)
3. Jy word verseël met die Heilige Gees van belofte.

Elke mens het dus nodig om by 'n plek te kom waar hy/sy 'n persoonlike besluit neem om Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker aan te neem en as jy dit nog nie gedoen het nie, bid hierdie gebed hardop:

• Here Jesus ek is 'n sondaar en ek wil my tot U bekeer.

**Luk. 5:32, Rom. 5:8,12; 1 Tim. 1:15**

• Ek besef nou dat U vir my sonde geword het aan die Kruis van Golgota en daar het U die volle prys vir my verlossing betaal.

**2 Kor. 5:21; Kol. 2:13, 14**

• Ek glo dat U die Seun van God is en dat ek nou, deur in U te glo, vergewing van my sondes in U naam sal ontvang.

Hand. 10:43; Hand. 26:18

• Ek is ook bereid om almal wat teen my gesondig het te vergewe en om restitusie (regstelling) te maak waar dit nodig is.

Matt. 6:12; Matt. 18:21-35

• Ek besef dat U die enigste ware Verlosser is en daarom wil ek U nou aanneem as my persoonlike Verlosser en Saligmaker.

Joh. 14:6; Joh. 1:12, 13

• Ek glo dat U in my plek gesterf het en dat God U uit die dode opgewek het sodat ek kan lewe.

Gal. 2:20; Rom. 6:6; 1 Kor. 6:14; Ef. 2:6; Kol. 3:1

• In geloof neem ek U nou as my Here en my Verlosser.

Joh. 1:12, 13; Hand. 2:38

• Dankie dat ek op hierdie oomblik 'n kind van God word en dat die Heilige Gees nou in my kom woon het.

Joh. 1:12, 13; Ef. 1:13, 14; 2 Kor. 1:22; Ef. 4:30

• Ek het ook nou net die geskenk van die ewige lewe deelagtig geword en daarmee dus ook my hemelse paspoort ontvang.

Joh. 3:16